



Pastoor Tony Alamo, 1986

TONY ALAMO SE GETUIENIS Droë Beendere

deur Tony Alamo

Die Ou-Testamentiese profeet, Esegïël, het 'n visioen van God ontvang. Hy het 'n vallei van droë beendere gesien, verteenwoordigend van die geestelike dorheid van Israel en die wêreld. Die visioen het die eerste koms van Christus, sy prediking van die evangelie, en die gevolg, die eerste opwekking uit die dood tot die ewige lewe, vir hulle wat in die "Woord van Here" glo, voorspel¹.

God het aan Esegïël gesê: "Menseseun, kan dié beendere lewe?" (Kan diegene, wat eens geestelik dood was, lewe?) Esegïël het gesê: "Here, U wat hulle geskep het, weet".² God het weer met die profeet gepraat en gesê: "Spreek 'n profesie uit oor die beendere en sê aan hulle:

'O, droë beendere, luister na die Woord van Here. So sê die Here God aan die beendere: Kyk, ek sal asem in julle blaas en julle sal lewe"³.

Israel het geweet dat hulle as volk heeltemal vernietig was.⁴ Tot vandag toe is hulle hopeloos verdeeld. God het egter aan Esegïël gesê Hy sal 'n volk groter as die eerste Israel, wat nie wou ophou sondig nie, tot stand bring. Die tweede Israel sal mense van oor die hele aarde wees,⁵ 'n oorblyfsel van die uitverkore Joodse volk en 'n menigte nie-Jode, verbonde aan die Ware Wingerdstok (Christus).⁶ Dit sal 'n groot, heilige volk wees wat opgewek is uit die dood en uit 'n lewe van sonde tot die ewige lewe.⁷ Hulle sal nooit verdeeld wees teenoor God nie. Dit sal die eerste opstanding wees deur die opstandingskrag van Christus.⁸

In 1964, voordat ek die eerste keer deur Christus opgewek is, was ek Bernie Hoffman, ook bekend as Tony

Alamo, bekend vir 'n lewe van sonde en goddeloosheid, totaal onkundig oor God. Ek het geen idee gehad dat God bestaan nie. Die Woord van God was vir my fabels en mites en ek kon nie verstaan hoe mense in God of Sy Seun kon glo nie. Ek kon nie diegene glo wat gesê het dat hulle in God glo nie, want hulle was skynheilig. Hulle het net soveel soos ek, of méér, gesondig. Ek weet, want ek het saam met hulle uitgehang. Ons was almal 'n klomp dooie, droë beendere. Ek sou kwaad word indien enige iemand my probeer bekeer het tot die Christendom, want vir my was die Bybel 'n mors van tyd. Die lewe wat ek geleef het, het geen ruimte gelaat vir speletjies of sprokies nie.

In die bemerkingsbedryf is ek beskou as nr. 1. Ek was verantwoordelik vir die suksesvolle loopbane van baie wêreldberoemde sangers en akteurs, sowel as suksesvolle promosies van 'n paar bekende huishoudelike produkte.

My ergste nagmerrie in daardie dae was iemand wat my tot bekering lei en my evangeliese voubiljette oor Jesus op straathoeke laat versprei, terwyl ek in 'n lawaaierige soort sendingstasie woon, besig met die prediking van die evangelie en die organisering van sopkombuise om dié wat honger is, te voed.

In die middel 60's het die wêreld nie vir my so goed gelyk nie. Ek het nie van dwelms of vuil, sedelose mense gehou nie. Ek het gehaat wat die hippiebeweging aan Hollywood, die Sunsetstrook en die wêreld gedoen het. Wat myself betref — ek was nie 'n heilige nie. Ek het nie regtig omgee wat mense gedoen het rakende sonde nie, solank hulle dit nie uitgestal het voor gesinne met kinders nie. Ek het die wêreld gesien as klaar, dood, droog, aanstootlik en kleurloos.⁹ Niks het meer enige betekenis gehad nie. Ek glo dat ander mense in die wêreld dit net so goed soos ek geweet het en

(Vervolg op bladsy 2)

1 Eseg. 36:1, 4 2 Eseg. 37:3, oorspr. Heb. 3 Eseg. 37:4-5, oorspr. Aramees 4 Eseg. 37:11 5 Gen. 17:4-16, 22:18, 26:4, 46:3, 48:19, 49:10, Eks. 19:6, 32:10, Ps. 22:27, Jes. 2:2, Joh. 11:51-52, Hand. 10:34-35, Ef. 1:10, Heb. 8:8-12, 1 Pet. 2:9-10, Openb. 5:9, 14:6 en baie meer 6 Joh. 15:1, Rom. 11:17, 19, 23, 24, Openb. 7:4 7 1 Pet. 2:9 8 Rom. 15:12, 1 Kor. 15:15, 16, Kol. 2:12, 3:1, 1 Tess. 4:16, Openb. 20:5-6, 9 Matt. 13:39, hfst. 24, 1 Kor. 15:24, Heb. 9:26, 1 Pet. 4:7

TONY ALAMO SE GETUIENIS

(Vervolg vanaf bladsy 1)

dwelms gebruik het om aan die realiteit te ontsnap. Die kerke was skynheilig, dit het gelyk asof almal dit ook weet. Die hele wêreld was dood deur hulle sondes en oortredings.¹⁰ Die wêreld was 'n enorme vallei van droë beendere, net soos dit wat Esegïël gesien het.¹¹

Ek het Jesus in 'n kantoor in Beverley Hills ontmoet op 'n baie bonatuurlike manier. Niemand kan dink hoe vreesbevange en tog ook gelukkig ek was toe God aan my bewys het dat Hy en Sy Seun wel bestaan nie. Ek was verheug om Sy ongelooflike Heilige Gees te ervaar en met elke deeltjie van my liggaam meegevoer te raak deur Sy magtige stem, asof ek 'n filter was waardeur die woorde vorentoe en agtertoe beweeg het. Sy teenwoordigheid was glorieryk en verwarmend. Sy Heilige Gees het swaar op my gedruk, soos die kragtige handdruk van God. Sy woorde aan my was: "Staan op en vertel die mense in die vertrek van die Here Jesus Christus, dat Hy terugkom aarde toe, of jy sal sekerlik sterf." Toe Sy Gees die kantoor binnegekom het en op my gedruk het, is ek bewus gemaak van Sy onuitgesproke, ongelooflike intelligensie.¹² Hy is elke atoom en molekule. Hy is die lug. Hy weet van elke ding van die verlede en elke ding wat in die toekoms gaan gebeur.¹³ Ek was verleë, want ek het geweet Hy weet van elke ding wat ek al gedoen het. Toe het Hy aan my gewys dat die hemel en die hel werklik bestaan.

10 Ef. 2:1, 5, Kol. 2:13 11 Eseg. 37:1 12 Num. 24:16, 1 Sam. 2:3, Job 21:22, Ps. 32:8, Spr. 2:6, 3:20, 9:10, Luk. 1:77, Rom. 11:33, 1 Kor. 1:25, 2:16, 3:19, 2 Kor. 4:6 13 Ps. 44:21, 94:11, Jes. 46:9-10, 1 Kor. 3:20, 1 Joh. 3:20, Openb. 21:6, 22:13

Ek het geweet waarheen ek sou gaan indien ek nie sou doen wat Hy aan my sê nie..... dit was beslis nie die hemel nie.

Hoewel dit vreesaanjaend vir my was¹⁴ was dit ook wonderlik om te weet God is 'n lewende werklikheid en dat Hy alles is wat die profete en apostels gesê het Hy is. Hy het geensins verander sedert die tyd toe Hy die hemel en die aarde geskep het met alles daarop nie.¹⁵ Ek het dadelik geweet ek sou Hom altyd vrees, bewonder, respekteer, liefhê en dien. Ek het geweet dat ek meer as gewillig sou wees om te leef, vervolg te word en vir Hom te sterf met blymoedigheid en vreugde.¹⁶

Nadat God my uit daardie kantoor laat gaan het, het ek Hom begin vra, "Wat wil U hê moet ek doen? Ek sal enigiets doen wat U sê." Ek het nie 'n antwoord gekry nie, so ek het aangeneem Hy wil hê ek moet kerk toe gaan. Ek het aangeneem die grootste sal die beste wees; so ek het daarheen gegaan, maar Hom nie daar gevind nie. Toe is ek na ander kerke toe, maar ek het Hom ook nie daar gevind nie. Daarna het ek boeke gelees met foto's daarop van mense met lang baarde en godsdienstige klede wat wys en goddelik voorgekom het. Ek het geweet die boeke is verkeerd, want daar het gestaan dat God nie gevrees hoef te word nie,¹⁷ dat God nie mense dreig nie en dat 'n mens kon sondig sonder om Hel toe te gaan.¹⁸ Ek was nie bekommerd oor so 'n soort God nie: ek was bekommerd daaroor om die God wat my gedreig het, te vind!¹⁹ die God wat aan my die Hemel en Hel gewys het en wat my laat doen het wat niemand anders kon nie, iets wat ek nooit wou doen nie.

Ek het nooit gedink dat die waarheid in die Bybel gevind kan word nie, want daar was so baie Bybels in omgang. My mening was dat iets waarvoor die algemene publiek gegaan het, nie slim

kon wees nie, omdat ek geglo het dat alle mense dom was. Ek het uiteindelik die Bybel begin lees en die verlossingsplan daarin gevind, asook die riglyne vir die ewige lewe wat gewys het hoe om volwasse te word in Christus en spiritueel vir Hom 'n groot wenner van siele te word.²⁰

Toe ek die Bybel begin lees het, het ek daardie selfde krag van God op my voel neerdruk as wat ek in die kantoor in Beverley Hills gevoel het. Toe het God aan my ander visioene van die Hemel en die Hel gewys.²¹ Ek het tot God uitgeroep: "Here, moet my asseblief nie Hel toe stuur nie!" Toe het ek die Hemel gesien en die vrede van die Hemel ervaar.²² Hoewel ek geestelik blind, nakend en klein was, het ek aan God gesê ek is bereid om blind, nakend en onbelangrik te bly as ek net vir altyd Sy hemelse vrede kon ervaar. Ek het die Hel weer 'n keer gesien en tot God uitgeroep vir genade en vergifnis. Toe het die krag van die Vader, die Seun en die Heilige Gees my sterflike liggaam binnegedring.²³ Deur my geloof in Christus en die bloed wat hy vir my gestort het, en deur my geloof in die woorde van Christus wat ek aangehoor en gehoorsaam het²⁴, het ek gevoel hoedat elke sonde wat ek ooit gepleeg het van my siel af oplaag.²⁵ Ek het skoon en rein gevoel.²⁶ Iets baie wonderliks het met my gebeur en dit is aan en vir my gedoen deur Jesus Christus, "die Heilige van Israel".²⁷ Ek was so gelukkig om vry te wees van sonde en om die nuwe krag te besit wat my van sonde weerhou het, dat ek dit aan die hele wêreld wou vertel, sodat hulle Hom ook kon ken en die ewige lewe kon hê.

Sedert 1964, selfs nadat ek in die bediening vir Christus was, het ek steeds gevoel hoedat geestelike murg in my eens baie droë beendere invloei



ALAMO BEDIENINGS AANLYN
www.alamoministries.com

14 Gen. 35:5, Lev. 26:16, Job 31:23, Jer. 32:21, Eseg. 32:32, 2 Kor. 5:11 15 Gen. 1:1, Mal. 3:6, Hand. 4:24, 2 Kor. 5:11, Heb. 13:8 16 Ps. 5:11, 35:19, Jes. 51:11, 61:10, Joh. 16:33, Hand. 2:28, 20:24, Rom. 12:8, 15:13, 2 Kor. 8:12 17 Gen. 22:12, Ps. 112:1, Spr. 13:13, 14:16, 28:14, 31:30, Pred. 7:18 18 Spr. 8:36, Eseg. 18:2, 4, Openb. 19:20, 20:10, 14, 15, 21:8 19 Gen. 2:17, 6:7, 9, 13, Eks. 20:5, 32:33, 34:7, Eseg. 3:18, 18:20, Matt. 8:12, 22:13, Mark. 16:16, 2 Kor. 5:11, Openb. 2:5, 16, 22-23, 3:3, 20:15 20 Joh. 4:35-36, 15:5, 8, 15-16, Openb. 14:18 21 Jes. 5:14, 14:9, Luk. 16:22-31, Hand. 7:55-56, Openb. 4:1-11, 14:10-11, 15:1-4, 20:10, 21:2-5, 10-27, 22:1-5 22 Rom. 5:1, Ef. 2:14, Fil. 4:7, Kol. 3:15, 1 Tess. 5:23, 2 Tess. 3:16 23 Lev. 26:11-12, Joh. 14:16, 2 Kor. 6:16, 1 Pet. 2:5, 1 Joh. 3:24 24 Hab. 2:4, Matt. 17:20, Luk. 7:50, Hand. 20:21, 26:18, Rom. 1:17, 3:28, 5:2, 10:17, 11:20, Gal. 2:16, 3:11, Ef. 2:8, 3:17, Heb. 10:38 25 Mark. 14:24, Joh. 6:53, Hand. 20:28, Rom. 3:25, 5:9, Ef. 1:7, 2:13, Kol. 1:14, 20, Heb. 9:12, 14, 22, 1 Pet. 1:18-19, Openb. 1:5, 5:9 26 Heb. 10:19-22, 1 Joh. 1:7, Openb. 1:5, 7:14 27 Ps. 89:18, Hand. 3:13-14

vanuit die Hemel elke keer wat ek die Bybel lees. God se Woord het geestelike senings rondom die eens droë beendere geplaas en dit met vleis en die vel van die geestelike wapenrusting bedek. Elke Woord van God het Christus méér in my hart ingeweef. Ek kan steeds voel hoedat elke Woord van God die Heilige Gees se asem in my inblaas en aan my die krag gee om staande te bly en die vurige pyle wat Satan deur die jare op my afgevuur het, blus. Ek weet elke dag meer en meer dat “ons meer as oorwinnaars” is in Christus Jesus²⁸ en dat “ons volledig is in Hom”.²⁹ Ek weet ook hoe belangrik dit is om elke Woord van Jesus te volg. Hy, wat oomblikke voor sy opvaart in ’n wolk in die Hemel gesê het: “Gaan heen en verkondig die evangelie aan elke lewende wese.”³⁰ (Preek tot elke droë gebeente, hulle wat geestelik dood is, sodat hulle “die Woord van die Here mag hoor.”³¹)

“Hy wat glo en gedoop is, sal gered word; maar hy wat glo, sal nie verdoem word nie.”³² As jy soos ek is en liewer

(Vervolg op bladsy 8)

28 Rom. 8:37, 1 Joh. 4:3-4 29 Kol. 2:10 30 Mark. 16:15, Luk. 14:23 31 2 Kon. 20:16, Jes. 1:10, Jer. 2:4, Eseg. 37:4 32 Mark. 16:16, 2 Tess. 2:12

Tanzanië

Geagte pastoor Alamo, my geliefde en Godgegewe pastoor

Mag daar genade, welwillendheid en vrede van die Vader en Jesus Christus, ons Here, op u en u bediening rus. Ek dank God, wat ek dien vanaf 1994. Ek is ’n evangelis in Musoma, Tanzanië. Ek werk daaraan om my bediening regoor die land uit te brei en selfs buite Tanzanië. Wel, Pastoor, ek het nie u stem of prediking gehoor nie of u gesig gesien nie, maar ek ontvang u literatuur en lees, wonderlike boodskappe soos “Droë Beendere”, Die Messias en “God”, geskryf deur u, Pastoor, Tony Alamo, die grootste internasionale spreker. Deur middel van die literatuur, weet ek van u bekommernis oor die kerk op die oomblik en vir die toekoms — die kerk, wat die liggaam van Christus is. Ek en my werksmaats in die Here en nuwe bekeerlinge, wat Christus aangeneem het op grond van u literatuur, het ’n broederskap genaamd, Believer Community Church (B.C.C.) gevorm. Ons wens is om u bediening uit te brei in

Oos-Afrika, veral in Tanzanië, en om op te ruk en uit te brei na die afgeleë dorpie. Ons het u hulp nodig, asseblief, Pastoor. As u ons kan voorsien van luidsprekers, ’n kragopwekker, sowel as Bybels vir nuwe bekeerlinge en opvoedkundige literatuur, om in ons behoeftes te voorsien in die evangeliese bediening en binnelandse evangelisasie. Daardeur sal God u oorfloediglik seën. Mag die Here U bediening seën, en u geestelik verhef vir die goeie werk gedoen. Ons waardeer, en wag gretig op u positiewe reaksie.

Die uwe in Christus

O.E.M.

Tanzanië, Oos-Afrika

Kalifornië

Geagte pastoor Alamo

Ek skryf die brief deur die krag van die Heilige Gees en in volle oorlogstoerusting, die wapenrusting van God (Ef. 6:10-17). Daar is onlangs, met geestelike groei en broederskap van ’n broer in God se leer, sekere waarhede en geheime van die Bybel geopenbaar deur die krag van die Heilige Gees. Ek weet dat God nou Sy uitverkorenes voorberei en ek het afgekom op ’n bladsy uit u publikasie. Ek moet sê — God het u literatuur oor my pad gebring in ’n kritieke tyd, toe ek nodig gehad het om sekere waarhede te ken. Ek is uiters beïndruk met u bedieninge. U is die rou waarheid, sonder mooipraatjies dra u aanmy al die diepere aspekte van profesie oor. Sluit my asseblief in by u lidmaatskapsensus en voeg my by u poslys, sodat ek in die Heilige Gees mag groei, gewapen met God se swaard van die waarheid. Ek is in ’n staatsgevangenis, so geen hardebandboeke nie, asseblief. Ek is nie in staat om fondse by te dra nie, maar my gebede dat u kragtige bediening sal floreer is met u hele organisasie.

Opregte groete

B.L.

Corcoran, Kalifornië



Tony Alamo Christelike Bediening Medewerker M.C. versprei Pastoor Alamo se nuusbriewe. Demokratiese Republiek van die Kongo

INDIË

Groete van u Indiese broers by die Tony Alamo Ministries in Indië. Ek was verheug en dankbaar toe ek Bybels en ander literatuur, insluitend *The Messiah* ontvang het. Ek en my Christen broers versprei die ware plan van redding biddend aan diegene wat Engels ken en ons probeer ook om hierdie unieke literatuur in ons moedertaal te vertaal vir diegene wat in dorpe woon en nie Engels ken nie. 'n Groot hoeveelheid mense, bus- en motorbestuurders, hoërskool-, mediese en ingenieurstudente, werkers en werkgewers in fabriek, onderwysers en almal wat dit met groot belangstelling ontvang het, word geseën deur die literatuur wat die ware plan van redding verkondig. Baie mense in ons stad het Jesus as persoonlike verlosser aangeneem na aanleiding van u literatuur. Hou asseblief ons bediening in u kosbare gebede.



Broer T.R. versprei Pastoor Alamo se dinamiese, sielsreddende boek, The Messiah, Rajahmundry, Indië

U dienswillige dienaar in Sy wingerd.
Die uwe
Pastoor N.T.
Rampachodavaram Mandal
Indië

**Hierdie is 'n uittreksel uit Pastoor Alamo se boek *The Messiah*
Die Grootste Wonderwerk, in druk: die optekening van**

Die Messias volgens Bybelse profesie

“Van HOM getuig al die profete” (Hand. 10:43).

“In die boekrol is dit oor MY geskrywe” (Ps. 40:7, Heb. 10:7).

(B) Jesaja 53

(9) Die Messias se BEMID-DELENDE LYDING, Jesaja 53:4-6, 8, 10-12:

“Tog het Hy óns lyding op Hom geneem, óns siektes het Hy gedra; Oor óns oortredings is Hy deurboor, oor óns sondes is Hy verbrysel; die straf wat Hy vir ons vrede moes bring, was op Hom, deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom ... maar die Here het ons almal se sonde op Hom laat afkom.... Hy is gestraf oor die sonde van my volk ... Sy lewe as skuldoffer (ge)gee, Hy sal die straf vir hulle

sonde dra... omdat Hy die sondes van baie op hom geneem het...”¹

Die uitstaande feit van die hoofstuk is die bemiddelende, plaasvervangende lyding van die Messias. Die wonderlike hoofstuk bevat net 12 verse, tog verkondig dit 14 keer die leer van die bemiddelende offer vir alle menslike sonde. Die hele gedeelte (Jes. 52:13-53:12) loop oor van die konsep en nooit is die misterie opgelos nie, totdat die Here Jesus “...in ons plek as sondaar” (2 Kor. 5:21) en “gesterf het vir ons sonde” (1 Kor. 15:3).

Jehova “het op Hom ons almal se

sonde geneem” (Jes. 53:6). Die Messias was die Goddelike verlosser op wie al die vurige oordele wat op die mensdom sou geval het, neergekom het. Hoe wonderlik is God se genade deur Christus se bemiddelende soenoffer! So het die kruis meteens Christus se diepste vernedering, dog Sy hoogste glorie geword — en die aangewese middel om redding te bring aan mense.

Toe die Here Jesus gekom het, het hy die Messiaanse voorspellings vervul deur sy versoenende dood aan die kruis: “Hy het self ons sondes in Sy liggaam aan die kruis gedra” (1Pet. 2:24).

(10) Die Messias sal VRYWILLIG en sonder om te kla, ly Jes. 53:7:

“Hy is mishandel, en Hy het geduldig gebly, Hy het nie gekla nie. Soos 'n lam wat ter slagting gelei word en soos 'n skaap wat stil is as hy geskeer word, het Hy nie gekla nie.”

Ander wat ly, murmureer en kla gewoonlik, veral wanneer hulle onregverdig behandel word — maar nie die lydende Messias nie. Hy het Homself vrywillig onderwerp aan sy vasgestelde taak om “ons sondes te dra” en is as 'n lam ter slagting gelei. In

¹ El Autor Divino lo hace imposible para cualquier ingenio o enseñanza a eliminar la doctrina de expiación vicaria de este pasaje presentándola tan a menudo, y en formas tan variadas y aun el mismo, que el que tiene éxito en un lugar está obligado a encontrarla en otro.



Pastoor Mike Omoasegun saam met lede van sy gemeente, besig om Pastoor Alamo se sielsreddende literatuur en King James Bybels van Tony Alamo Ministries te ontvang. Suleja Nigerië

Van ons 24 uur gebeds en inligtingslyn:

D.R. van McAllister Biblioteek, Fuller Teologiese Kweekskool in Pasadena, Kalifornië, het geskakel en gesê hy het 'n paar nuusbriewe op die grond ontdek en dit geles. Hy het gesê hy hou daarvan en wil graag op ons poslys geplaas word. Hy't gesê hy wil graag hê ons moet elke nuusbrief en ander stukkie literatuur wat pastoor Alamo geskryf het, aan hom stuur. Hy wil 'n versameling van al Pastoor Alamo se literatuur hê, sodat navorsers na sy biblioteek kan kom om meer van die Woord van God en Pastoor Alamo te leer. Hy was baie opgewonde hieroor. Hy't gesê hy sal graag 'n hele boekrak uitsluitlik wil volmaak met Pastoor Alamo se literatuur. Hy't gesê Pastoor Alamo vertel dit soos dit is.

verheerlikte en grootmoedige stilte sal die Messias die uiterste verduur, omdat Jehova dit so wil hê. Hier kyk ons na die ondeurgrondelike misterie van oneindige liefde.

In die Nuwe Testament, toe Jesus Christus geslaan, vals beskuldig, mishandel, gespot, op gespoeg, vervol, deur mense toegetakel, geesel en gekruisig is, was daar nie 'n vlammetjie van gegriefdheid of beskuldigings teen sy teregstellers, of hardop gekla nie, behalwe 'n gebed.

Nadat baie valse getuies teen hom verskyn het, het die hoëpriester gesê, "Antwoord U niks?... Maar Jesus het stilgebly" (Matt. 26:59-63).

Hier is Jesus se gebed terwyl Hy die marteling van die kruisiging verduur het: "Vader vergewe hulle; want hulle weet nie wat hulle doen nie" (Luk. 23:34).

Hierdie hele prosedure is so ongewoon, so teenstrydig met die natuur en menslike ervaring, 'n mens kan nie help om aangeraak en ontstel te

word, beide deur die vreemde profesie en die selfs meer merkwaardige vervulling daarvan nie.

(11) Wanneer Hy uit die gevangenis geneem en veroordeel sal word, sal die Messias GEEN ADVOKAAT hê om Sy saak te bepleit nie, geen vriend om Sy onskuld te verklaar nie. Jes. 53:8:

"Terwyl hy gely het en gestraf is, is hy weggeneem en wie van sy mense het dit ter harte geneem dat hy afgesny is uit die land van die lewendes? Hy is gestraf oor die sonde van my volk."

Die Sanhedrin het die gewoonte gehad met "verhore vir halsmisdade" om 'n beroep te doen op diegene wat enigiets ter verdediging van die beskuldigde kon sê, om na vore te kom en dit te verklaar. Dit is nie waargeneem in die verhoor van Jesus van Nasaret nie, maar die verloop, by Sy spoedige kammaverhoor voor die Sanhedrin, was 'n skreiende teenstelling met hulle eie regulasies en teen alle standarde van reg en regverdigheid.

Jesus moes alleen en sonder verdediging verskyn voor die korrupte Joodse hiërargie en die verteenwoordigers van die grootste Nie-Joodse krag op aarde in daardie tyd. **Nie een mens het Sy kant gekies nie.** Judas het Hom verrai, Petrus het hom verloën met plegtige verklarings, en die ander dissipels het "Hom versaak en gevlug" (Matt. 26:56). Baie van die vroue wat Hom tydens Sy bediening bedien het, het gestaan en "Hom [van] ver af beskou" toe Hy gekruisig is (Matt 27:55). In die uur van sy grootste nood, menslik gesproke, **HET NIE EEN MENS BY HOM GESTAAN NIE.** Wat wel waar is, is dat later, na vermoeiende ure van lyding sy gebroke liggaam afgestomp het, het Maria Sy ma, 'n paar gelowige vrouens en Johannes Sy geliefde dissipel by die kruis "gestaan". Gedurende Sy verhoor en die vroeë ure van Sy kruisiging, is Hy alleen gelaat — absoluut alleen. Nog nooit

(Vervolg op bladsy 6)

24 uur gebeds- en inligtingslyn — (661) 252-5685

MESSIAS

(Vervolg vanaf bladsy 5)

in die geskiedenis van die wêreld was iemand so totaal verlaat deur vriende en geliefdes soos wat Jesus was nie.

Jesus is gearrester, NIE deur behoorlike amptenare nie, maar deur die skare, die gepeupel: “’n groot menigte met swaarde en stokke, van die priesterhoofde en familiehoofde” (Matt. 26:47). Selfs Jesus het opgemerk hoe inkonsekwent hulle benadering was: “Was dit vir julle nodig om met swaarde en stokke uit te gaan om My te vang asof Ek ’n rower is? Dag vir dag het Ek in die tempel gesit en die mense geleer, en julle het My nie gevange geneem nie. Maar dit alles het gebeur sodat die geskrifte van die profete vervul kon word” (Matt. 26:55-56).

Valse getuies is omgekoop om teen hom getuienis te lewer — om Hom te laat dood maak — ” (Matt. 26:59), en Hy is in die nag verhoor, wat onwettig was.

In die Romeinse hof, toe Pilatus tevergeefs gesoek het vir ’n rede om Hom te veroordeel, het hy vir die mense gevra: “Watter kwaad het Hy dan gedoen?” Die enigste antwoorde wat hy gekry het was die onredelike uitroep van die skare, aangehits deur hulle leiers, “Kruisig Hom...kruisig Hom” (Matt. 27:22-23). Toe Pilatus sien dat woorde van rede en regverdigheid nie seëvier nie en dat ’n erger “rumoer” besig was om te ontwikkel, het hy sy hande in onskuld gewas en Jesus aan hulle oorgegee om gekruisig te word (Matt 27:22-26). Dit was die ergste regsdwaling in die annale van die geskiedenis.

Christus se onskuld is nie net deur Pilatus verklaar nie — “Ek vind geen skuld in Hom nie” (Joh. 19:6) — maar ook deur die Messiaanse profeet van ouds: “...al het Hy geen misdaad gepleeg nie en al was Hy nooit vals nie” (Jes. 53:9).

Vervolg in nuusbriëf vol.

Zambië

Geagte pastoor Tony Alamo

Ek is baie bly om dié brief te skryf. Hoe gaan dit met u, Pastoor? Deur die genade van die Almagtige God hoop ek dat dit met u goed gaan. Ek het u wêreld-nuusbrief, “Leaders and Fables” gelees. God het wonderbaarlik toegelaat dat dit my pad kruis. Nadat ek dit gelees het, was ek baie geseënd en het verlang om aan u te skryf. Ek dank u vir die wonderlike boodskappe wat uitgaan na die verlore en ongereddes, sodat Christus mag deel word van hulle lewens. Deur u literatuur is baie mense bereik vir Christus en verlos van die duiwel. Mag God u ekonomies, fisiek en geestelik seën.

Pastoor, ek is ’n jong meisie en vyf jaar gelede getroud. Ek het my lewe twee jaar gelede aan Christus gegee en die Here was my genadig. Ek het ’n visie om die ware evangelie van Jesus aan ander oor te dra. As vroue in Afrika, is ons vir eeue in kettings gehou weens tradisionele mites, so ek begeer regtig om myself aan die Here te gee. Pastoor, ek vra Bybels, boeke, nuusbriewe, God se woord op oudio-kassette en nóg literatuur om my te help om getuienis te lewer teenoor verlore siele. Laastens wil

ek graag Bybelstudiemateriaal en liedere op kassette aanvra.

Die uwe

L.M.

Isoka, Zambië

Geagte pastoor Tony Alamo

My blymoedige en opregte groete in die Naam van ons Here, Jesus Christus. Ek dank God vir u lewe en die manier wat hy gebruik om die Woord op die beste manier te versprei, sodat dit die uithoeke van die aarde kan bereik en lewens gered kan word. Pastoor Alamo, Meneer, ek was ’n paganis, voordat ek gered is van beseerde dinge deur my werksmaat en toe ek u boodskap in die nuusbrief lees, het dit my hart aangeraak en ek is seker dat God besig is om my lewe te verander. Ek het spoedig verstaan dat God wil hê dat ons vervul moet raak met Sy regverdigheid. Pastoor Alamo, ek vra vir een of twee Bybels in Engels vir my en my vriend om die Woord van die Almagtige God te lees. Mag die vrede van Christus met u en u gees wees. Ek dank u baie vir u vriendelikheid en vir die bedagsame mense wat die versoek beantwoord.

Dankie

G.N.

Kitwe, Zambië

Mexiko

Hoogs-gewaardeerde pastoor Alamo

U literatuur — wat baie interessante boodskappe en getuienisse van regoor die wêreld bevat — het selfs die plek bereik waar ek is. Sonder twyfel gebruik God u kragtig sodat Sy boodskap van redding na elke mens gebring kan word. Ek is die afgelope sewe en ’n half jaar in die gevangenis vir die vervoer van dagga. Gedurende die laaste twee jaar hier, het God homself aan my miserabele bestaan op ’n buitengewone manier geopenbaar. Ek hoop om dié jaar vrygelaat te word en ek wil weet of u aan my u boek, *The Messiah*, en ander literatuur kan stuur, sodat dit kan help met die bekering van my seuns.

M.A.

Monclova, Coahuila, Mexiko

Ghana

Geliefde en goeheartige Pastoor

Ek was so opgewonde dat u u nuusbriewe aan my gestuur het. Ek het verlede week reeds 'n hele boks vol van u nuusbriewe gehad. Geliefde diensknecht van die Here, mense was so tevrede om dit te lees. Ons vriende in die dorp, met wie ons altyd ons geskenke deel en bymekaarkom vir bidure, was so angstig om dit te lees, en sommige is besiel deur die lees van ander se briewe. Ons is so bly en smee u om ons op u poslys te plaas om aan ons evangeliese materiaal te stuur. Ons het 'n paar Bybels nodig, u literatuur, en sal bly wees om onderrig van u bediening te ontvang. Ons bid vir u, u geliefde seun, Sion, en almal wat saam met u in u bediening werk. God seën u ryklik. Bid eerstens en verseker vir ons. Gebed beweeg die magtige, kragtige

arm van die Almagtige God. Sonder gebed trap ons klein. Bid asseblief vir ons studentevrywilligers, wat na verdorpiens en die berge gaan vir die Here se werk. Bid vir hulle vir moed en geloof en liefde. Mag die Gees van God u gids en leidsman wees. Mag Hy onthou om u ryklik te seën. Ons bid tot God dat u 'n lang lewe vol vrede en voorspoed sal hê.

Met liefde in die liefde van Christus
A.S. Accra, Ghana

Geagte pastoor Tony

Dankie dat u aan my die boek, *The Messiah* en tien nuusbriewe gestuur het. Die materiaal het geestelike bewusmaking en 'n nuwe ywer vir God se werk in my lewe gebring. Ek het sommige nuusbriewe aan Christenvriende wat koud geword het in hulle geloof, gestuur. Toe ek hulle besoek het, het hulle almal groot vreugde uitgespreek, aangesien hulle almal geestelik verkwik is en goed aangaan danksy u nuusbriewe. Die mense is honger vir die nuusbriewe, so stuur asseblief aan my omtrent 150 nuusbriewe en 'n paar Bybels vir nuwe bekeerlinge wat dit baie nodig het. Ek is baie dankbaar dat u dit aan my sal stuur. Dankie vir die ryklery van God se Woord wat u so getrou uitgee. Mag die Almagtige aanhou om u te seën. Geloof kan berge versit.

U dogter in Christus
T.O. Kumasi, Ghana

Geagte Pastoor

Ek stuur groete aan u al die pad van Ghana af. Nadat ek deur u literatuur, genaamd *The Messiah* gelees het, is ek baie opgewonde om aan u te vertel dat ek einde ten laaste

Togo

Geliefde in Christus

Ons is verheug om u brief te ontvang. Ons is baie bly oor die literatuur wat u gestuur het. God werk regtig daardeur. Ons het omtrent 15 siele gewen wat hulle tot Christus gekeer het deur u boekies en ons bid dat God u almal ryklik sal seën.

Wat die CD's betref, ons sal dit en die Bybels nodig hê vir nuwe bekeerlinge. Hoe sake nou staan, kan ons dit nie bekostig nie. Togo is 'n baie arm land.

Ons sien uit daarna om CD's en Bybels vir die Paaskruis tog te ontvang.

Wees geseënd in Jesus se Naam, Amen.

Ds. Henry James Lome, Togo

Nigerië

Geagte Pastoor

Groete in die Naam van die Here, Jesus Christus. Amen. Die laaste nuusbriewe wat u aan my gestuur het, is versprei en ek is verwonderd oor die verandering wat dit in mense se lewens teweeg bring. Hulle belowe om die Here met hul hele hart te dien en sommige belowe om aan u te skryf. Ek versoek 25 kopieë van die boek genaamd, *The Messiah*, en 150 van u verskillende nuusbriewe, 'n paar Bybels en ander literatuur, om my te help in my evangeliese verspreiding en vir vriende, familieleden en ander mense wat geïnteresseerd mag wees en meer wil weet oor die Here Jesus Christus. Ek wil regtig een van u predikante wees, hier in Nigerië. Ek wil weet wat dit vereis. Ek het gesien dat die hand van God op u en u bediening rus en ek wil deel word van daardie salwing en genade wat op u lewe en bediening rus. Ek sien met verwagting uit om van u te hoor en ontvang.

Die uwe
R.M. Port Harcourt, Nigerië

Jesus Christus aangeneem het as my persoonlike Saligmaker en dat Hy gekom en aan die kruis vir my gesterf het. Voorheen was ek in die wêreld sonder om God, of sy Seun, die Messias, te ken, maar nadat ek u literatuur gelees het, weet ek nou dat ek verlore was, maar nou gevind is. Ek was in die donker, maar die Here God het my na die lig gebring. Ek is dus 'n wedergebore Christen en seun van die lewende God. Op die oomblik het ek nie 'n Bybel nie; as dit moontlik is, stuur asseblief vir my een en ook u boekie, *The Messiah*. As u vir my enige ander boeke kan gee wat my sal help om God te leer ken, sal ek dit waardeur. Ek woon nou die Pinksterkerk in Koforidua by. Mag die Here u ryklik seën vir die goeie werk wat u doen.

Die uwe
D.F. Koforidua, Ghana

TONY ALAMO SE GETUIENIS

(Vervolg vanaf bladsy 3)

nie verdoem wil word nie, maar eerder gered gered wil word, bid dan die volgende gebed tot God:

My HERE en my GOD, wees my, sondaar, genadig.³³ Ek glo dat JESUS CHRISTUS die SEUN van die lewende GOD is.³⁴ Ek glo dat HY dood is aan die kruis en SY kosbare bloed uitgestort het vir die vergifnis van al my vorige sondes.³⁵ Ek glo dat GOD JESUS uit die dode opgewek het deur die krag van die HEILIGE GEES,³⁶ en dat HY op hierdie oomblik aan die regterhand van GOD sit en luister na my belydenis van sonde en hierdie gebed.³⁷ Ek maak die deur van my hart oop en ek nooi U in my hart in, HERE JESUS.³⁸ Was al my vuil sondes weg in die kosbare bloed wat U in my plek gestort het aan die kruis by Golgota.³⁹ U sal my nie wegwys nie, HERE JESUS; U sal my

sondes vergeef en my siel red. Ek weet, want U WOORD, die Bybel, sê so.⁴⁰ U Woord sê dat U niemand sal wegwys nie en ek weet — dit sluit my in.⁴¹ Daarom weet ek dat U my gehoor het en ek weet dat U my geantwoord het en ek weet dat ek gered is.⁴² Ek dank U, HERE JESUS, dat U my siel red en ek sal my dankbaarheid toon deur te doen soos U beveel en nie meer te sondig nie.⁴³

Na redding, het Jesus gesê, moet ons gedoop word, ten volle onderdompel in water in die Naam van die VADER en die SEUN en die HEILIGE GEES.⁴⁴ Bestudeer die King James Bybel deeglik en voer die opdragte uit.⁴⁵

Die Here wil hê dat jy almal van jou redding vertel. Jy kan h verspreider word van pastoor Tony Alamo se evangeliese literatuur. Ons sal die literatuur kostevry aan jou stuur. Skakel of e-pos ons vir meer inligting. Deel die boodskap met iemand anders.

As jy wil hê die wêreld moet gered word, soos wat JESUS beveel, moet

dan nie vir GOD beroof van SY tiendes en offerhandes nie. GOD het gesê, “Sal h mens werklik vir GOD beroof? Tog beroof julle MY. Julle vra: ‘Waarvan beroof ons U?’ Van tiendes en offergawes. Daar rus alreeds h vloek op julle en tog bly julle MY beroof; die hele nasie [en die hele wêreld] doen dit. Bring die volle tiende [h tiende is 10% van jou bruto inkomste] na die voorraadkamer toe sodat daar iets te ete kan wees [geestelike kos] in MY huis [siele gered kan word], en toets MY hierin, so sê die HERE, DIE ALMAGTIGE. Toets MY of EK nie die vensters van die hemel vir julle sal oopmaak en vir julle seëninge sal uitgiet, meer as wat julle kan gebruik nie. EK sal die sprinkane keer sodat hulle nie die opbrengs van julle grond sal verwoes nie, en dat julle wingerde nie sonder vrugte sal wees nie, so sê die HERE, DIE ALMAGTIGE. Dan sal al die nasies julle as gelukkige mense beskou; julle sal in h begeerlike land woon, so sê die HERE VAN DIE LEËRSKARE” (Mal.3:8-12).

33 Ps. 51:5, Rom. 3:10-12, 23 34 Matt. 26:63-64, 27:54, Luk. 1:30-33, Joh. 9:35-37, Rom. 1:3-4 35 Hand. 4:12, 20:28, Rom. 3:25, 1 Joh. 1:7, Openb. 5:9 36 Ps. 16:9-10, Matt. 28:5-7, Mark. 16:9, 12, 14, Joh. 2:19, 21, 10:17-18, 11:25, Hand. 2:24, 3:15, Rom. 8:11, 1 Kor. 15:3-7 37 Luk. 22:69, Hand. 2:25-36, Heb. 10:12-13 38 1 Kor. 3:16, Openb. 3:20 39 Ef. 2:13-22, Heb. 9:22, 13:12, 20-21, 1 Joh. 1:7, Openb. 1:5, 7:14 40 Matt. 26:28, Hand. 2:21, 4:12, Ef. 1:7, Kol. 1:14 41 Matt. 21:22, Joh. 6:35, 37-40, Rom. 10:13 42 Heb. 11:6 43 Joh. 5:14, 8:11, Rom. 6:4, 1 Kor. 15:10, Openb. 7:14, 22:14 44 Matt. 28:18-20, Joh. 3:5, Hand. 2:38, 19:3-5 45 Deut. 4:29, 13:4, 26:16, Jos. 1:8, 22:5, 2 Tim. 2:15, 3:14-17, Jak. 1:22-25, Openb. 3:18

Kontak ons asseblief vir inligting of literatuur oor ander onderwerpe wat interessant mag wees.

Tony Alamo, World Pastor, Tony Alamo Christian Ministries Worldwide • P.O. Box 2984, Hollywood, CA 90078 USA
24 uur gebeds- en inligtingslyn: (661) 252-5686 • Faks. (661) 252-4362
www.alamoministries.com • info@alamoministries.com

Tony Alamo Christian Ministries Worldwide verskaf woonplek met alle lewensnoodsaaklikhede aan almal wat werklik die Here wil dien met hul hele hart, siel, verstand en krag, in ons VSA-gebiede.

Dienste word elke Dinsdagaand om 20:00 in die stad, New York, en ander plekke gehou.

Skakel asseblief (908) 937 5723 vir inligting. ETES WORD BEDIEN NA ELKE DIENS.

Vra vir Pastoor Alamo se boek, *The Messiah*, wat aandui hoedat CHRISTUS in die Ou Testament geopenbaar word deur 333 profesieë.

Word h werker in die oes van siele deur h verspreider van Pastoor Alamo se literatuur te word.

Al ons literatuur en oudioboodsappe is gratis, en sluit versending in.

As enigiemand poog om jou daarvoor te laat betaal, maak asseblief h kollekteeroproep na (661) 252 5686.

HIERDIE LITERATUUR VERKONDIG DIE WARE PLAN VAN VERLOSSING (Hand. 4:12).

MOET DIT NIE WEGGOOI NIE, GEE DIT VIR IEMAND ANDERS.

Indien u in 'n ander land woon, moedig ons u aan om die literatuur in u moedertaal te vertaal. As u dit herdruk, sluit asseblief die kopiereg en registrasie in:

© Kopiereg November 1995, 2012, 2013, 2014 Alle regte voorbehou Internasionale Pastoor Tony Alamo ® Geregistreer November 1995, 2012, 2013, 2014

Afrikaans—Volume 06000—Tony Alamo's Testimony